# Net onder ons




AGS Rayton

Aug 2019



**Liewe gemeente**

Ons het 'n baie besige Julie maand agter die rug waar ons weer nuwe dinge in die gemeente beleef het. Ons is baie dankbaar vir elkeen wat saam met ons vir die Here werk en so Sy koninkryk uitbou.

Op Saterdag 13 Julie was daar 'n groot gewoel en werskaf by ons kerk gewees toe ons die projektor en stoof geïnstalleer het. Dankie vir elke bydrae en gewillige hand wat saamgespan het om dit 'n sukses te maak. Ons staan in verwondering oor wat die Here besig is om te doen. Moet nie agterbly nie, maar bly getrou en betrokke - hier kom nog groter dinge...

Ons Sustersbyeenkoms op Woensdae groei elke week, en die Here is besig om baie mooi dinge vir hulle te doen. As u beskikbaar is om te kom, moet nie by die huis bly nie - kom beleef die seën en spesiale boodskap wat Charmaine elke week bring. Nooi ook iemand saam.

Ons is besig om ons Jeug bietjie te hergroepeer, en gaan weer op 1 Sept afskop onder die leiding van ons Jeugleier Herman Ras. Ons wil graag die fokus so bietjie verskuif en meer op ons eie gemeente se jongmense fokus met betrekking tot geestelike groei, lof en aanbidding, ondersteuning en natuurlik ook baie pret. Ek wil vriendelik vra dat al ons lidmate wat Hoërskool kinders in die huis het hulle asseblief na die Jeug toe sal bring as ons weer in September begin.

Baie van ons mense gaan ook deur moeilike tye en siekte. Moet nie ophou om op die Here te vertrou nie. Hy is die een wat jou deur die storms dra, en ook saam met jou in die boot is. Moet egter ook nie huiwer om Hom nog steeds in jou storm te loof en prys nie, want dit sal jou sterk maak en help om fokus op God te hou. Hy moet altyd geprys word en Hy sal jou ook deurdra.
Fil 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Indien u ons nodig het, moet nie huiwer om my te kontak vir 'n afspraak nie. Mag u 'n baie geseënde en maand beleef. Hou moed - die winter is amper verby! :-)
Baie liefde, Past Gustav en Charmaine.

**Hoe lei ek iemand na die Here toe?**

Kom luister Sondae aande om 18H00 na die reeks wat Past Gustav bring.



**Past Gustav en Charmaine van Aardt**
**082 462 1282**
**082 3 789 123**

**GETUIENIS DIENS**

Kom bring jou getuienis **Sondag 18 Augustus** tydens ons Oggenddiens.

Vertel wat die Here vir jou gedoen het!!!




**Ons groet...**

Ons broer Johan Erasmus is op 8 Julie '19 oorlede is. Ons is so jammer vir julle verlies Soné, Tanja, Shané, Johanrie en Tina. Mag die Here julle versterk en deurdra. Ons bid vir julle.



# Ons het die projektor en oond geïnstalleer!! - 13 Julie 2019



Baie dankie vir almal wat so hard gewerk het!!!

Roomys!!

# Aktiwiteite & Afdelings

**Ons preke is gratis beskikbaar by:** https://ags-rayton.co.za

Ons hardwerkende **Koster**



**Br Kalla Jansen van Vuuren**
**083 695 0612**

**Kom gebruik gerus ons Biblioteek. Gratis DVD's en boeke om uit te neem vir lidmate!**

**Spesiale Fondsinsameling projekte waarmee ons nou besig is**

* Gemeente bussie
* Vervanging van die Heining
* Gordyne vir die kerk

Ons vriendelike Hoof **Deurwagter**



**Br Toy Olivier**
**079 497 2764**

Bestuursraads vergadering:
Dinsdag **20 Aug 19:00**.

**Dienstye:**

**Sondae Oggende: 09:30**

**Sondae Aande: 18:00**

**Gebedsbyeenkoms**
**- saam met Past Gustav**
Woensdae aande
18:30 tot 19:30



Kom bid saam vir al die behoeftes en vir ons gemeente !

**Marina & Michael Abdu se omgeegroep**
Is vir die lidmate wat min of meer 55 jaar en ouer is. Dit is dan ook spesiaal gemik op die wat in hulle "Leë-Nes stadium" is. **Kyk uit vir die volgende byeenkoms**. 082 446 6997







**Sustersbyeenkoms**
**- saam met Charmaine**
Woensdae oggende
10:00 tot 11:00
Daarna Bak & Brou.



Kom geniet die samesyn, geestelike voeding en bid saam!
082 3789 123

**JEUG**
**Ons Jongmense moet uitkyk vir nuus oor hulle volgende byeenkoms**
**Jeugleier:**
**Herman Ras**
**072 520 9364**



Oom Pine en tannie Rut Pienaar het 'n **Omgeegroep** Dinsdae om 16H00 in Kleinfontein.
Skakel gerus in by hulle.
072 349 8053



**1 September**





Luchnos Sondagsklool bedien Sondag 1 September Roomys met gekleurde sous vir almal wat na die oggend diens kom saam kuier.

**Sondagskool**

Sondae Oggende:
08H30 - 09H20


Van 4 jaar tot jong werkend & studerend.

Kontak gerus vir Sonja, ons Sondagskool hoof, by
081 401 7895



Ons wyse gryse pensionarisse /seniors is onder leiding van Past Gustav & Charmaine. Die ouderdomsgroep is min of meer 65 en ouer. Kyk gerus uit vir die volgende byeenkoms.





## Bak & Brou op Woensdae. Kom geniet dit saam met die susters.

Ons susters het op Woensdae oggende na hulle byeenkoms 'n heerlike "Bak en Brou". Koekies word gebak, resepte geruil en heerlik gekuier. Dit is oop vir al ons dames. Kom word deel daarvan en geniet dit saam. Dit is vir Sondae se verversings na kerk en ook vir fondinsameling. Kontak Charmaine vir inligting.
082 3 789 123



Rom 12:11
wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here;







Past Gustav stuur weekliks sms en WhatsApp boodskappe. Kontak asb vir Charmaine indien u nie ontvang nie 082 3 789 1223.





**AGS Rayton**
**NEDBANK**
**Rekening nr: 1620 217 031**
**Kode: 162050**